**Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam**

**Joh 17:11-19**

**1 Februarie 2026**

1. Vantevore: Vier redes waarom die Here Jesus vir die dissipels gebid het: (1) Want hulle het aan die Vader behoort, (2) Want die Here Jesus het hulle so baie geleer en soveel vir hulle gedoen, wat Hy wou sien vrug oplewer, (3) Want die dissipels het nog nie die vrug gedra soos wat die Here Jesus verwag het nie, (4) Want die Here Jesus sou hulle binnekort verlaat.
2. Die Here Jesus bid twee bedes vir die dissipels: (1) Bewaar hulle in U Naam (v11-16), en (2) Heilig hulle deur U waarheid (v17-19)
3. Bewaar hulle in U Naam (Joh 17:;11-16)
    a. Aanspreekvorm: “Heilige Vader” (v11b)
        i. Enigste plek waar dit in Johannes-evangelie gebruik word (vgl v1,5,25)
        ii. “Vader” – versorging, ontferming, nabyheid, immanensie (Bewaar hulle)
        iii. “Heilige” – verhewendheid, uniek anders, transendensie (Heilig hulle)
    b. “Bewaar hulle in U Naam” (DAV, OAV, NAV) vs “Protect them by the power of your Name” (NIV)
        i. Interpretasie 1: Vader se Naam bevat Sy Wese en attribute, insluitend Sy krag. Die bede is dat die Vader deur Sy krag die dissipels bewaar (vgl Ps 20:2, 54:3, Spr 18;10)
        ii. Interpretasie 2: Vader se Naam bevat Sy wese en attribute. Die bede is die Vader moet die dissipels bewaar om in Sy Naam te bly – dus om Sy beeld te vertoon, sodat die dissipels een kan wees met die Seun en die Vader (v11, Joh 1:18, 14:9, 20)
    c. Redes waarom die Here Jesus hierdie bede bid (v12-14):
        i. Die Vader moet bewaringsverantwoordelikheid oorneem (v12-13a)
            - Die Here Jesus het nie misluk deurdat Judas nie bewaar is nie (vgl Joh 6:64, 70, 13:10-11, 18, Ps 41:10)
        ii. Sodat die dissipels se blydskap volkome kan wees, deur gehoorsaamheid (v13b, vgl Joh 15:11-12)
        iii. Die dissipels is nie meer van die wêreld nie (v14)
    d. Bid nie dat dissipels uit wêreld weggeneem moet word nie (v15-16), bewaar word van die bose (vgl Joh 15:26-27, 1 Joh 5:19)
4. Heilig hulle deur U waarheid (Joh 17:17-19)
    a. “Heilig” = afgesonder, eenkant geplaas, anders
        i. God is drie maal heilig (vgl Op 4:8)
        ii. Enigiets in Sy diens moet heilig wees – dus ook die dissipels (v17, vgl Eks 28:41, Lev 11:44-45, 1 Pet 1:15-16)
    b. Heiliging van die Here Jesus: afgesonder en na die wêreld gestuur deur die Vader (Joh 10:36), Hy is gehoorsaam aan en een met die Vader – dus heilig (v19)
    c. Heiliging van die dissipels: afgesonder deur die Vader, ook na wêreld gestuur, maar nog nie volmaak heilig en een nie – daarom die bede “Heilig hulle”
    d. Dissipels moet deur die waarheid heilig word – die Here Jesus is die waarheid
    e. Doel van dissipels se heiligmaking is dat hulle in die wêreld moet getuig (Joh 15:26-27, 20:21, vgl Joh 3:16)
5. Toepassing: Die groot rol wat die dissipels in die res van die Nuwe Testament sou speel, is bewys dat die Vader die Here Jesus se gebed verhoor het